**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 29 OKTOBER 2024 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Fortuin, C (ANC)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie I S (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)
White, G E (PA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Inligting, Kommunikasie en Tegnologiedienste, mnr J Pienaar
Senior Bestuurder: Publieke Dienste en Projekbestuur, mnr J Spies
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Pastoor J Philander van die Sofar Gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Raadslede en amptenare word deur die Speaker geluk gewens met hul verjaardae in die afgelope tyd.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

3.1/...

**3.1 VOORLEGGING DEUR RDL D G BESS INSAKE GESLAGGEBASEERDE GEWELD EN KINDERONTVOERINGS**

Rdl D G Bess hou statistieke voor

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 15 AUGUSTUS 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 15 Augustus 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd M Nel, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 22 Augustus 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 AUGUSTUS 2024**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 7 AUGUSTUS 2024**

**5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE HOU OP 18 SEPTEMBER 2024**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2024**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 5 AUGUSTUS 2024**
**6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 12 AUGUSTUS 2024**
**6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 23 AUGUSTUS 2024**
**6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 4 SEPTEMBER 2024**

### 6.5 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2024

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 8. SAKE VIR BESPREKING

### 8.1 RAADSLIDVERGOEDING: 2023/24 FINANSIëLE JAAR (5/10/1)

Die verhoogde toelaes en byvoordele vir raadslede vir die 2023/2024 finansiële jaar is per Goewermentskennisgewing 5435 afgekondig in Staatskoerant 51407, gedateer 17 Oktober 2024.

Die verslag tot die sakelys en aanhangsels bevat die finansiële implikasies vir Swartland Munisipaliteit as ‘n Graad 4 plaaslike owerheid – daar is voldoende begroot in die 2024/2025 finansiële jaar om die verhoging terugwerkend te implementeer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

**EENPARIG BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing 5435 soos afgekondig in Staatskoerant 51407 gedateer 17 Oktober 2024, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as ‘n Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2023/24 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;

(b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2024/25 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2023;

(c) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;

(d) Dat, sodra die goedkeuring van die Provinsiale MEC ontvang is – gebaseer op die laat publikasie van die boperk kennisgewing in die Staatskoerant vir die voorafgaande finansiële jaar (2023/24) – die uitbetaling so spoedig moontlik gedoen word, aangesien laasgenoemde handeling nie ingevolge Artikel 167 van die MFMA as ‘n voorskot beskou kan word nie, omrede dit reeds betaalbaar was, en die goedkeuring van betaling deur die Provinsiale MEC sowel as die afkondiging in die Staatskoerant gerugsteun word;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 16 November 2024;

(f) Dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag bekleë word om die Nasionale Minister en die Departement (Cogta) in kennis te stel dat die laat afkondiging, met verwysing na die 2023/24 boekjaar (Kennisgewing van 17 Oktober 2024), verrykende implikasies het ten opsigte van belasting, sowel as die teboekstelling in die finansiële state in ‘n vorige finansiële jaar.

### 8.2 RAADSLIDVERGOEDING: 2024/25 FINANSIëLE JAAR (5/10/1)

Die verhoogde toelaes en byvoordele vir raadslede vir die 2024/2025 finansiële jaar is per Goewermentskennisgewing 5446 afgekondig in Staatskoerant 51419, gedateer 21 Oktober 2024.

Die verslag tot die sakelys en aanhangsels bevat die finansiële implikasies vir Swartland Munisipaliteit as ‘n Graad 4 plaaslike owerheid – daar is voldoende begroot in die 2024/2025 finansiële jaar om die verhoging terugwerkend te implementeer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

**EENPARIG BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing 5446 soos afgekondig in Staatskoerant 51419 gedateer 21 Oktober 2024, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir Swartland Munisipaliteit as ‘n Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2023/24 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;

(b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2024/25 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2024;

(c) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegpplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;

(d) Dat, sodra die goedkeuring van die Provinsiale MEC ontvang is – gebaseer op die laat publikasie van die boperk kennisgewing in die Staatskoerant vir die huidige finansiële jaar (2024/25) – die uitbetaling so spoedig moontlik gedoen word, aangesien laasgenoemde handeling nie ingevolge Artikel 167 van die MFMA as ‘n voorskot beskou kan word nie, omrede dit reeds betaalbaar was, en die goedkeuring van betaling deur die Provinsiale MEC sowel as die afkondiging in die Staatskoerant gerugsteun word;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 20 November 2024.

**8.3 AANVAARDING VAN DIE KODE VIR ETIESE LEIERSKAP IN PLAASLIKE REGERING (2/B)**

Die Kode vir Etiese Leierskap in Plaaslike Regering is opgestel om riglyne aan leiers te voorsien oor die hantering van kwessies wat die grootste impak op etiese bestuur in munisipaliteite het.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Kode nie bestaande wetgewing en beleidsbepalings vervang nie, bv. die Gedragskode vir Raadslede ingevolge die Strukturewet nie, maar dit eerder verstrek. Die Kode is van toepassing op beide politieke en administratiewe leiers.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

**EENPARIG BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die Raad die aangehegte Kode vir Etiese Leierskap in Plaaslike Regering aanvaar;

(b) Dat die maatreëls om die Kode te institusionaliseer in plek geplaas word deur die Departement Menslike Hulpbronbestuur met ingang van 1 November 2024;

(c) Dat die raadsbesluit vir die aanvaarding van die Kode ingedien word by die LUR vir Plaaslike Regering in die Wes-Kaap binne sestig (60) dae vanaf die datum van ondertekening van die Omsendbrief van DCoG, naamlik 9 Oktober 2024.

**8.4 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JULIE TOT SEPTEMBER 2024 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die Artikel 52 MFMA-kwartaalverslag is deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) gehou op 28 Oktober 2024 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdd M Nel)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 28 Oktober 2024 by die MPAC ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 September 2024.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**